



NG JEFFREYSBAAI



5 April 2020

Wees by God...

Hierdie is jou tyd saam met die Here. Dalk is jy alleen, dalk is jy saam met jou gesin of lewensmaat. So kom ons maak die saamwees lekker rustig, met diep nadenke oor God en oor jouself. Raak net eers bewus van alles wat jy kan hoor, raak bewus van God by jou, en geniet hierdie lekker afspraak met Hom. Gee jou gedagtes en emosies oor aan Hom sodat Hy deur jou kan speel...

Wat sê die Woord

Dit is vandag dag 10 van 'lockdown'. Die lewe rondom jou het radikaal verander. Neem 5 min en dink eers na oor hoe die lewe verander het in die laaste 10 dae. Skryf neer watter veranderinge vir jou positief is en watter moeilik of negatief is (As daar mense saam jou is, kan julle dit bespreek).

Wat ons sien is dat **verandering** nie altyd maklik is nie. Ons sukkel om nuwe gewoontes te kweek. So is dit ook in ons Geestelike lewe. In hierdie tyd het ons dalk juis nuwe tyd om dit te verander.

Lees Efesiërs 4:25- 5:5:

- Watter gedeelte in die teks staan vir jou uit en spreek jou dalk persoonlik aan? (Wat moet jy verander?)
- Dink aan die gebeure rondom jou, dit wat jy lees op sosiale media ens..
 - Wat sien jy in die teks raak oor die wêreld se optrede.
 - Hoe dink jy moet ons reageer as ons wil leef soos die teks van ons vra (raak prakties)?
- Hoe lyk 'n lewe van liefde vandag?

Verandering is nie maklik nie, maar God roep ons om met ons voorbeeld en optrede 'anders' te leef sodat die wêreld kan glo!

Uitdaging

Elkeen van ons moet in die tyd besluit hoe ons gaan reageer. Daar is nie 'n beter tyd om dinge reg te stel as nou nie. Moenie die geleentheid mis om te werk aan jou verhouding met die mense rondom jou nie. Daar is nie 'n beter tyd om al jou sorg in die Here se hande te kom neerlê nie. Daar is nie 'n beter tyd om daai oproep te maak wat jy al so lank uitstel nie.

Ons is op dag 10 van 21. Jy het nou die tyd, moenie verder uitstel nie.

Gebed